

# GOEIE BESTUURSPRAKTYKE VIR SUKSESVOLLE BOERDERY

DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

Ekonomies gesproke is ‘n goedbestuurde boerdery een wat konstant ‘n groter wins as soortgelyk gestruktureerde boerderye in dieselfde geografiese omgewing maak. Omdat eksterne makro-ekonomiese faktore, soos prys, dikwels ‘n totale bedryf affekteer, is dit belangrik dat ‘n boerdery se wins relatief tot ‘n bedryf vergelyk moet word en nie net op ‘n individuele vlak beoordeel word nie. Sodoende kan individuele bestuursvaardighede gedurende uitsonderlik voorspoedige én swak tye geïdentifiseer word. Winsgewende boere bou hulle boerderye op rondom suksesvolle bestuurspraktyke eerder as suksesvolle boerderypraktyke. Daar is ‘n belangrike verskil! Meeste boere het merkwaardige vordering gemaak ten opsigte van operasionele effektiwiteit. In die meeste geval het die bestuurspraktyke egter nie in pas met die operasionele vordering gebly nie. In hierdie reeks artikels sal daar aangetoon word hoe die beproefde bestuurspraktyke sistematies in boerderye aangewend kan word met die oog op die verbetering van winsgewendheid. Daar is beduidende verskille tussen winsgewende en nie-winsgewende boere. Sommige verskille is in areas waar daar wel veranderinge aangebring kan word terwyl ander verskille nie maklik verander kan word nie. Suksesvolle boere is denkende boere. Dit verg die vermoë om obserwasie in inligting, inligting in kennis, kennis in begrip en begrip in wysheid te omskep. Met behulp van die wysheid kan die

## DIE 12 AREAS VAN GOEIE BESTUURSPRAKTYKE

AREA 1: **Algemene bestuur**
AREA 2: **Finansiële bestuur**
AREA 3: **Produksiebestuur**
AREA 4: **Bemarkingsbestuur**
AREA 5: **Menslike hulpbronbestuur**
AREA 6: **Aankoopsbestuur**
AREA 7: **Meganisasiebestuur**
AREA 8: **Risikobestuur**
AREA 9: **Administratiewe bestuur**
AREA 10: **Volhoubare bestuur**
AREA 11: **Erfopvolgingsbestuur**
AREA 12: **Bestuursinligting**

Boere, as bestuurders van hulle boerderye, het ‘n nimmereindigende taak. Hulle word voortdurend met nuwe inligting gebombardeer. Hierdie inligting het ‘n invloed op hoe boere hulle boerderye organiseer, watter produkte hulle produseer, hoeveel hulle moet produseer, watter insetmiddele hulle moet gebruik, hoeveel van elke middel gebruik moet word, hoe die boerdery gefinansier moet word en hoe en wanneer die plaasprodukte bemark moet word. Hierdie vloei van inligting lei noodwendig daartoe dat nuwe besluite geneem moet word of ook dat ou besluite heroorweeg moet word. Suksesvolle boere kan nie bloot net antwoorde op probleme uit ‘n boek memoriseer nie. Hulle moet leer om aanhoudend hulle besluite in heroorweging te neem omdat die ekonomiese, politieke en omgewingstoestande altyd bly verander.

**Wat is bestuur?**

So, wat is bestuur? Wat doen bestuurders? Hoe spandeer hulle hulle tyd? Wat probeer hulle bereik? Hoe verskil bestuur van arbeid? Sommige van die meer algemene definisies van bestuur gebruik frases soos “die neem van besluite om wins te verbeter,” “is betrokke by die bereiking van doelwitte,” en “benutting, bestuur en allokering van hulpbronne.” Die verwysing na die benutting van hulpbronne is soortgelyk aan die definisie van ekonomie, wat dikwels beskou word as “die studie van die allokasie van skaars hulpbronne”. Hoewel daar baie definisies vir bestuur bestaan, is daar ten minste drie algemene verwysings na wat bestuurders doen. Eerstens moet bestuurders of doelwitte formuleer of alternatiewelik seker wees hulle verstaan die doelwitte van die boerdery se eienaar, as die bestuurder nie self die eienaar is nie. Tweedens is daar hulpbronne wat benut moet word. Derdens moet al die moontlike alternatiewe gevind en geanaliseer word en die een wat die hulpbronne die goeie sal benut, geselekteer word. Aldrie hierdie stappe dui daarop dat die bestuurder besluite moet neem.

# GOEIE BESTUURSPRAKTYKE 1.

## ALGEMENE BESTUUR

**Areas van bestuur**

Vir 'n boer is die algemeenste areas van bestuur algemene bestuur, finansiële bestuur, produksiebestuur, bemarkingsbestuur, menslike hulpbronbestuur, aankoopsbestuur, meganisasiebestuur, risikobestuur, administratiewe bestuur, volhoubare bestuur, erfopvolgingsbestuur en dan bestuursinligting. In elk van hierdie areas sal die boer, in sy hoedanigheid as bestuurder, doelwitte moet beplan, sy arbeid moet organiseer, almal se aktiwiteite moet koördineer en uiteindelik die hele operasie moet kontroleer. As die kontroleringsmaatstawwe tekortkominge of afwykings ten opsigte van die doelwitte toon, moet die boer as bestuurder weer beplan, organiseer, lei, koördineer en uiteindelik weer kontroleer. Boerderybestuur is dus 'n voortdurende proses as gevolg van die veranderinge wat in die ekonomie en ook in individuele besighede plaasvind. Dit dwing die boer om nuwe doelwitte te identifiseer waarheen die boerdery bestuur moet word. Die area van algemene bestuur gaan oor die opstel van doelwitte, beplan hoe om dit te bereik, organiseer en lei van arbeid ter bereiking van die doelwitte, koördinering van al die aktiwiteite en om die vordering en uitkoms ten opsigte van die doelwitte te kontroleer. Onthou dus: jy sal nie daar kom as jy nie weet waar "daar" is nie! So, definieer jou doelwitte en kom "daar".

*Bepaal u bestuursvermoë ten opsigte van goeie bestuurspraktyke met hierdie kort toets. Soos met enige self-evalueringsoefening sal die resultaat slegs van nut wees as u eerlik, realisties en reguit op die vrae antwoord. Die uitslag is dus so goed soos wat u dit self gaan maak.*

## 1. ALGEMENE BESTUUR

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| **1.1.** | U kry gewoonlik die laagste oesopbrengste, minste reën of swakste pryse en is altyd aan die verkeerde kant van ekonomiese veranderinge; | ☐ | ☐ |
| **1.2.** | Daar is spesifieke meetbare doelwitte (opbrengsmikpunte, skulddelging, uitbreidings, erfopvolging) vir u boerdery opgestel; | ☐ | ☐ |
| **1.3.** | U kan die take beplan wat verrig moet word om u doelwitte te bereik; | ☐ | ☐ |
| **1.4.** | U kan u werknemers organiseer en leiding gee om die take op die plaas te verrig; | ☐ | ☐ |
| **1.5.** | U ken u boerdery se hulpbronne en span dit in ter bereiking van u doelwitte; | ☐ | ☐ |
| **1.6.** | U is oop vir nuwe idees, aanvaar veranderings as normaal en pas daarby aan; | ☐ | ☐ |
| **1.7.** | U is betrokke by alle aktiwiteite van die boerdery maar probeer nie noodwendig alles beheer nie; | ☐ | ☐ |
| **1.8.** | U kan nuwe idees identifiseer en implementeer; | ☐ | ☐ |
| **1.9.** | U kan geleenthede en bedreigings vir die boerdery identifiseer; | ☐ | ☐ |
| **1.10.** | U weet wat die boerdery se sterk- en swakpunte is. | ☐ | ☐ |

Die korrekte antwoord op vraag 1 is NEE. Daarna is al die korrekte antwoorde JA. Vraag 1 verteenwoordig die verpligte vaardigheid wat u ten opsigte van die bestuursterrein móét uitvoer. Indien u punte hier verloor het moet u dit onmiddelik in u boerdery gaan regstel. Afdeling 2 (Vraag 2 – 4) verteenwoordig die basiese bestuursvaardighede. U behoort hier ook volpunte te behaal. Maak seker waar u punte verloor het en stel dit reg in u boerdery. Afdeling 3 (Vraag 5 – 7) verteenwoordig gevorderde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoë persentasie behaal het, is dit 'n teken dat u oor bogemiddelde bestuursvaardigehede beskik en meer as die nodige doen om u boerdery reg te bestuur. Afdeling 4 (Vraag 8 – 10) verteenwoordig die gesofistikeerde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoë persentasie behaal het, is u aan die voorpunt van boerderybestuur. U het al die bestuursvaardighede onder die knie, u is innoverend en u implementeer vernuwings in u boerdery.

**VERDERE INLIGTING:**
**Agricultural Extension Publications (ISU):** www.extension.iastate.edu
**Farm Business Planning Manual:** www.ext.nodak.edu
**Computus Bestuursburo:** www.computus.info
**Agribiz:** www.agribiz.com
**Ten habits of highly profitable farmers:** www.agriweb.com
***Farm Management* by Ronald Kay & William Edwards**